nati
NASIONALE AFRIKAANSE TEATER-INISIATIEF

Februarie 2024

Vir Aandag:
Alle vervaardigers, regisseurs, skrywers en skeppende rolspelers

NATi en die Feesteforum nooi alle rolspelers in die teater-omgewing om ‘n voorlegging in te dien vir oorweging vir ons siklusse vir 2025 en 2026. Ons is op soek na nuwe, innoverende idees in ‘n verskeidenheid genres.

Daar is geen beperking op of voorskrifte rakende die tema’s wat in die werk aangespreek moet word nie, maar voorkeur sal onder andere gegee word aan werk wat grensverskuiwend of uitdagend is. Daar sal ook ander kriteria in ag geneem word in terme van die totale aanbod van produksies wat gekies word (byoorbeeld kommersiële vatbaarheid, toerbaarheid en relevansie van die werk).

Die werk moet geskep en ontwerp word met die toerbaarheid daarvan in gedagte, maar dit is nie die oorwegende, bepalende faktor vir die keur van die produksie nie. Bestaande werk (klassieke tekste) sal oorweeg word indien die voorlegging ‘n nuwe lig kan werp op die werk of die relevansie en belangrikheid van die teks sterk ondersteun word deur die konsep en motivering van die aansoek. Voorkeur sal gegee word aan nuwe werk en werkswinkelproduksies sal ook in ag geneem word.

Alle aansoeke en voorleggings sal deur ‘n onafhanklike paneel oorweeg word en in oorleg met die Feesteforum, sal ‘n kortlys opgestel sal word. Die produksies wat op die kortlys verskyn, sal genooi word om aan die Feesteforum (bestaande uit die groot vervaardigende feeste) ‘n voorlegging te kom doen.

Hierdie proses word van stapel gestuur met die oog daarop om werklik grensverskuiwende, avante garde werk te identifiseer. Produksies wat van tradisionele of kommersiële formate gebruik maak, sal via ander kanale vir befondsing oorweeg word.

FORMAAT:

Stuur asseblief 'n volledige voorlegging aan inligting@nati.org.za. Die voorlegging moet die volgende insluit:

- Konsep (beskrywing van projek)
- Eerste weergawe van teks (indien van toepassing). Geen beskrywing of opsommende teks of uittreksel sal aanvaar word nie. Vertaalde tekste moet volledig ingedien word. Konsepsuele werk mag 'n raamwerk indien.
- Voorbeeld van oorspronklike musiek (indien van toepassing)
- Voorbeelde van visuele elemente (indien van toepassing)
- Videomateriaal (indien van toepassing)
- Geraamde begroting vir al 6 feeste wat deel uitmaak van die Feesteforum (Woordfees, KKNK, Suidoosterfees, Innibos, Vrystaatfees en Aardklop)
- Voorlopige ontwerpplan
- Voorlopige geselskaplys

TYDLYN:

- Alle aansoeke moet teen 1 Maart 2024 om 17:00 ingedien word
- Slegs volledige aansoeke (sien formaat van aansoek) sal oorweeg word
- Geen laat aansoeke sal onder enige omstandighede oorweeg word nie
- Produksies wat op die kortlys verskyn, sal direk gekontak word
- Die datum en venue vir die voorleggings sal nog bepaal word
- Die produksie of produksies wat gekies word, sal direk gekontak word

ADDISIONELE INLIGTING:

- NATi behou die reg voor om GEEN produksies te kies nie
- NATi en die Feesteforum behou die reg voor om kreatiewe insette te lewer in die proses en die finale produk
- NATi behou die reg voor om befondsing te onttrek wanneer 'n produksie se begroting of oorspronklike konsep, teks of geselskaplys nie meer voldoen aan die oorspronklike vereistes en voorlegging nie
- NATi is 'n organisasie wat Afrikaanse in al haar verskeidenheid deur middel van teater bevorder – veeltalige tekste (wat Afrikaans moet insluit) sal egter ook oorweeg word
- NATi sal nie enige werke wat al vantevore opgevoer is, oorweeg vir addisionele of verdere befondsing nie. Ons is op soek na splinternuwe werk

Kontak ons gerus vir enige navrae of indien enige iets rakende die proses onduidelik is. Belangstellendes is welkom om 'n afspraak met ons te maak om enige idees of voorstelle te bespreek voor die sperdatum.

Cornelia Faasen
Uitvoerende Hoof: Nasionale Afrikaanse Teater-inisiatief
cornelia@nati.org.za

DIEN VOORLEGGING IN